3. By the substitution in Item 2(2) bis for the expression "R35,00" of the expression "R45,50".
4. By the substitution in Item 2(3)(a)(i) for the expression "R130,00" of the expression "R172,00".
5. By the substitution in Item 2(3)(a)(ii) for the expression "R16,25" of the expression "R20,80".
6. By the substitution in Items 2(3)(b)(i) and 2(3)(b)(ii) for the expression "R70,00" of the expression "R91,00".
7. By the substitution in Items 2(3)(c)(i) and 2(3)(c)(ii) for the expression "R170,00" of the expression "R221,00".

8. By the substitution in Item 4(1) for the expression "R7,00" of the expression "R10,00".

P J JACOBS
Town Clerk

Municipal Offices
PO Box 25
Edenvale
1610
25 July 1990
Notice No 76/1990

PLAASLIKE BESTUURSKENNISGEWING
2294

STADSRAAD VAN EDENVALE

**WYSIGING VAN DIE VASSTELLING VAN
SANITÊRE, VULLISVERWYDERINGS- EN
MUNISIPALE STORTINGSTERREINTA-
RIEF**

Kennis geskied hiermee ingevolge artikel 80B(8) van die Ordonnansie op Plaaslike Bestuur, 1939, dat die Stadsraad van Edenvale by spesiale besluit die vasstelling van Sanitêre, Vullisverwyderings-, en Munisipale Stortingsterreintarief afgekondig by Kennisgewing No 13/1985, gedateer 13 April 1985, soos gewysig, soos volg gewysig het met ingang 1 Julie 1990:

1. Deur in Item 2(1) die uitdrukking "R9,10" met die uitdrukking "R11,83" te vervang.
2. Deur in Item 2(2) die uitdrukking "R10,00" met die uitdrukking "R13,00" te vervang.
3. Deur in Item 2(2) bis die uitdrukking "R35,00" met die uitdrukking "R45,50" te vervang.
4. Deur in Item 2(3)(a)(i) die uitdrukking "R130,00" met die uitdrukking "R172,00" te vervang.
5. Deur in Item 2(3)(a)(ii) die uitdrukking "R16,25" met die uitdrukking "R20,80" te vervang.
6. Deur in Items 2(3)(b)(i) en 2(3)(b)(ii) die uitdrukking "R70,00" met die uitdrukking "R91,00" te vervang.
7. Deur in Items 2(3)(c)(i) en 2(3)(c)(ii) die uitdrukking "R170,00" met die uitdrukking van "R221,00" te vervang.
8. Deur in Item 4(1) die uitdrukking "R7,00" met die uitdrukking "R10,00" te vervang.

P J JACOBS
Stadsklerk

Munisipale Kantore
Posbus 25
Edenvale
1610
25 Julie 1990
Kennisgewing No 76/1990

25

LOCAL AUTHORITY NOTICE 2295

TOWN COUNCIL OF ELLISRAS

**AMENDMENT OF BY-LAWS FOR THE
CONTROL OF TEMPORARY ADVERTISE-
MENTS AND PAMPHLETS**

Notice is hereby given in terms of Section 96 of Ordinance 17 of 1939 that it is the intention of the Town Council of Ellisras to amend the By-Laws for the Control of Temporary Advertisements and Pamphlets, published under Administrator's Notice 4567 dated 8 June 1988, as follows:

1. By substituting the number of Section "5(e)" by the number "5(e)(i)".
2. By adding the following after Section 5(e)(i):
"5(e)(ii) A written application for approval to be given by the Town Clerk may be submitted

for posters or other advertisements with reference to special events to be displayed for a period exceeding 14 days before the day on which it begins: Provided that the exhibition time may not be longer than 28 days before the date on which the event begins".

Copies of the proposed amendments are available for inspection at the office of the Town Secretary during normal office hours for a period of fourteen days from date of publication in the Provincial Gazette. Objections, if any, must be lodged in writing with the Town Secretary within fourteen days from date of this publication.

J P W ERASMUS
Town Clerk

Civic Centre
Private Bag X 136
Ellisras
0555
1 June 1990
Notice No 14/1990

PLAASLIKE BESTUURSKENNISGEWING
2295

STADSRAAD VAN ELLISRAS

**WYSIGING VAN VERORDENINGE BE-
TREFFENDE DIE BEHEER VAN TYDE-
LIKE ADVERTENSIES EN PAMFLETTE**

Kennis geskied hiermee kragtens Artikel 96 van Ordonnansie 17 van 1939 dat die Stadsraad van Ellisras van voorneme is om die Verordeninge betreffende die Beheer van Tydelike Advertensies en Pamflette, afgekondig by Administrateurskennisgewing 4567 van 8 Junie 1988, soos gewysig, verder soos volg te wysig:

1. Deur die nommer van Artikel "5(e)" deur die nommer "5(e)(i)" te vervang.
2. Deur na Artikel 5(e)(i) die volgende in te voeg:

"5(e)(ii) 'n Skriftelike aansoek vir goedkeuring deur die Stadsklerk kan ingedien word om plakkate of ander advertensies met betrekking tot 'n spesiale geleentheid vir langer as 14 dae voor die dag waarop dit 'n aanvang neem te mag vertoon: Met dien verstande dat die vertoontyd nie langer as 28 dae voor die aanvang van die geleentheid mag wees nie".

Afskrifte van die voorgestelde wysigings lê ter insae by die kantoor van die Stadsekretaris gedurende normale kantoorure vir 'n tydperk van veertien dae vanaf die datum van publikasie hiervan in die Provinsiale Koerant. Enige beswaar hierteen moet skriftelik by die Stadsekretaris ingedien word binne veertien dae vanaf datum van publikasie hiervan.

J P W ERASMUS
Stadsklerk

Burgersentrum
Privaatsak X136
Ellisras
0555
1 Junie 1990
Kennisgewing No 14/1990

25

LOCAL AUTHORITY NOTICE 2296

LOCAL AUTHORITIES RATING

**LOCAL AUTHORITY OF ERMELO
NOTICE CALLING FOR OBJECTIONS TO
PROVISIONAL SUPPLEMENTARY VALU-
ATION ROLL**

(Regulation 5)

Notice is hereby given in terms of Section 36 of the Local Authorities Rating Ordinance, 1977 (Ordinance 11 of 1977) that the provisional supplementary valuation roll for the financial year 1989/90 is open for inspection at the office of the local authority of Ermelo from 25 July 1990 to 28 August 1990 and any owner of rateable property

or other person who so desires to lodge an objection with the town clerk in respect of any matter recorded in the provisional supplementary valuation roll as contemplated in Section 34 of the said ordinance including the question whether or not such property or portion thereof is subject to the payment of rates or is exempt therefrom or in respect of any omission of any matter from such roll shall do so within the said period.

The form prescribed for the lodging of an objection is obtainable at the address indicated below and attention is specifically directed to the fact that no person is entitled to urge any objection before the valuation board unless he has timeously lodged an objection in the prescribed form.

TOWN CLERK

Civic Centre
Taute Street
Ermelo
Notice No 45/1990

PLAASLIKE BESTUURSKENNISGEWING
2296

EIENDOMSBELASTING VAN PLAASLIKE
BESTURE

PLAASLIKE BESTUUR VAN ERMELO
KENNISGEWING WAT BESWARE TEEN
VOORLOPIGE AANVULLENDE WAAR-
DERINGSLYS AANVRA

(Regulasie 5)

Kennis word hierby ingevolge Artikel 36 van die Ordonnansie op Eiendomsbelasting van Plaaslike Besture, 1977 (Ordonnansie 11 van 1977), gegee dat die voorlopige aanvullende waarderingslys vir die boekjaar 1989/90 oop is vir inspeksie by die kantoor van die plaaslike bestuur van Ermelo vanaf 25 Julie 1990 tot 28 Augustus 1990 en enige eienaar van belasbare eiendom of ander persoon wat begerig is om 'n beswaar by die stadsklerk ten opsigte van enige aangeleentheid in die voorlopige aanvullende waarderingslys opgeteken, soos in Artikel 34 van die genoemde ordonnansie beoog, in te dien, insluitende die vraag of sodanige eiendom of 'n gedeelte daarvan onderworpe is aan die betaling van eiendomsbelasting of daarvan vrygestel is, of ten opsigte van enige weglating van enige aangeleentheid uit sodanige lys, doen so binne gemelde tydperk.

Die voorgeskrewe vorm vir die indiening van 'n beswaar is by die adres hieronder aangedui beskikbaar en aandag word spesifiek gevestig op die feit dat geen persoon geregtig is om enige beswaar voor die waarderingsraad te opper tensy hy 'n beswaar op die voorgeskrewe vorm betyds ingedien het nie.

STADSKLERK

Burgersentrum
Tautestraat
Ermelo
Kennisgewing No 45/1990

25

LOCAL AUTHORITY NOTICE 2297

TOWN COUNCIL OF ERMELO

AMENDMENT OF BY-LAWS

It is hereby notified in terms of Section 80B(3) of the Local Government Ordinance, 1939, that the Council has by Special Resolution amended the following By-Laws:

CHARGES PAYABLE IN TERMS OF
THE BUILDING BY-LAWS

The general puport of this notice is as follows:

THE INCREASE OF TARIFFS

Copies of these draft By-Laws will be open for inspection at the office of the Town Secretary,

Civic Centre, G F Joubert Park, Ermelo, during normal office hours for a period of 14 days from the date of publication hereof in the Provincial Gazette, namely 25 July 1990.

Any person who wishes to object to the amendments must lodge this objection in writing with the undersigned within 14 days from the date of publication hereof in the Provincial Gazette.

The amendments came into effect of 1 July 1990.

P J G VAN R VAN OUDTSHOORN

Town Clerk

Civic Centre
PO Box 48
Ermelo
2350
Notice No 42/1990

PLAASLIKE BESTUURSKENNISGEWING
2297

STADSKLERK VAN ERMELO

WYSIGING VAN VERORDENINGE

Hierby word ingevolge Artikel 80B(3) van die Ordonnansie op Plaaslike Bestuur, 1939, kennis gegee dat die Raad by spesiale besluit die volgende verordeninge gewysig het:

GELDE BETAALBAAR INGEVOLGE
DIE BOUVERORDENINGE

Die algemene strekking van die wysiging is:

DIE VERHOOGING VAN TARIWE

Afskrifte van die wysigings en besluit lê ter insae by die kantoor van die Stadsekretaris, Burgersentrum, G F Joubert Park, Ermelo, gedurende normale kantoorure vir 'n tydperk van 14 dae na publikasie in die Provinsiale Koerant naamlik 25 Julie 1990.

Enige persoon wat beswaar teen genoemde wysigings wens aan te teken moet dit skriftelik binne 14 dae na datum van hierdie kennisgewing in die provinsiale Koerant by die ondergetekende doen.

Die wysiging het op 1 Julie 1990 in werking getree.

P J G VAN R VAN OUDTSHOORN

Stadsklerk

Burgersentrum
Posbus 48
Ermelo
2350
Kennisgewing No 42/1990

25

LOCAL AUTHORITY NOTICE 2298

TOWN COUNCIL OF EVANDER

AMENDMENT OF THE BY-LAWS FOR
THE REGULATION OF BURSARY LOANS

The Town Clerk of Evander hereby, in terms of section 101 of the Local Government Ordinance, 1939, (Ordinance 17 of 1939), publishes the by-laws set forth hereinafter.

The By-Laws for the Regulation of bursary Loans of the Evander Municipality, published under Administrator's Notice 812, dated 23 May 1973, as amended, are hereby further amended as follows:

1. By the substitution in section 1 in the definition "university" for the expression "79(17)" of the expression "79(16)(e)(1)"

2. By the substitution in section 4 for the figure "R2 000" of the figure "R3 000".

3. By the substitution for section 7 of the following:

"7. Payment pursuant to a bursary loan by the

Council, shall be made yearly in advance to the Registrar of the university in respect of which the bursary loan was granted, at the submission of proof of registration of the student. Any balance remaining in the hands of such Registrar after deduction of the fees and charges of the university in connection with the year's course of study, shall be applied by the principal of the university, in consultation with the said student, towards the assistance of such student in pursuance of his course of study."

4. By the substitution for section 9 of the following:

"9. Each bursary loan shall be interest free until the date on which the first repayment instalment falls due as hereinafter provided; after such date, interest shall accrue at 8,5 percent per annum, calculated monthly on the outstanding balance."

5. By the substitution for subsection (a) of section 10 of the following:

"(a) in the case of a student who has completed the course of study for which the bursary loan was granted, on the first day of the month, following the month in which he has so completed the course."

6. By the addition of the following clause after section 15:

"16. The closing date for applications for bursary loans, shall be 31 October yearly."

F J COETZEE

Town Clerk

Civic Centre
Bologna Road
Private Bag X1017
EVANDER
2280
Notice No 35/1990/1460 m

PLAASLIKE BESTUURSKENNISGEWING
2298

STADSKLERK VAN EVANDER

WYSIGING VAN DIE VERORDENINGE
VIR DIE REGULERING VAN BEURSLE-
NINGS

Die Stadsklerk van Evander publiseer hierby ingevolge artikel 101 van die Ordonnansie op Plaaslike Bestuur, 1939, (Ordonnansie 17 van 1939), die verordeninge hierna uiteengesit.

Die Verordeninge vir die Regulering van Beurslenings van die Munisipaliteit van Evander, afgekondig by Administrateurskennisgewing 812 van 23 Mei 1973, soos gewysig, word hiermee verder soos volg gewysig:

1. Deur in artikel 1 die uitdrukking "79(17)" in die woordomskrif "universiteit" met die uitdrukking "79(16)(e)(i)" te vervang.

2. Deur in artikel 4 die syfer "R2 000" met die syfer "R3 000" te vervang.

3. Deur artikel 7, deur die volgende artikel te vervang:

"7. Betalings van beurslenings deur die Raad geskied jaarliks vooruit, aan die begin van die studiejaar, aan die Registrateur van die universiteit ten aansien waarvan die lening toegestaan is, by voorlegging van bewys van registrasie van die student. Enige onbestede geld in besit van die Registrateur nadat alle gelde en heffings van die universiteit met betrekking tot die studiekursus vir die jaar vereffen is, moet deur die hoof van die univesiteit in oorleg met die student, aangewend word ter ondersteuning van die student om sy studiekursus te volg."

4. Deur artikel 9 deur die volgende te vervang:

"9. Elke beurslening is rentevry tot die datum waarop die eerste paaient vir terugbetaling soos hierna bepaal, betaalbaar is, waarna rente

aanwas teen 8,5 persent per jaar, maandeliks be-reken op die uitstaande bedrag."

5. Deur subartikel (a) van artikel 10 deur die volgende te vervang:

"(a) in die geval van 'n student wat die studie-kursus waarvoor die beurslening toegeken is, voltooi het, die eerste dag van die maand, na die maand-waarin hy sy kursus voltooi het."

6. Deur die volgende artikel na artikel 15, by te voeg:

"16. Die sluitingsdatum vir aansoeke vir beurslenings sal 31 Oktober jaarliks wees."

F J COETZEE
Stadsklerk

Burgersentrum
Bolognaweg
Privaatsak X1017
Evander
2280
Kennisgewing No 35/1990/1460 m

25

LOCAL AUTHORITY NOTICE 2299

FOCHVILLE TOWN COUNCIL

ADOPTION OF BY-LAWS RELATING TO POSTERS

Notice is hereby given in terms of section 96 of the Local Government Ordinance, 1939, that the Town Council of Fochville intends adopting By-laws Relating to Posters.

The general purport of the proposed by-laws is to organise and control the display and distribution of banners and posters.

Copies of the proposed by-laws are open for inspection during office hours at the office of the Town Secretary, Municipal Office, Fochville for a period of 14 days from date of publication hereof.

Any person desiring to object to the by-laws must do so in writing to the undersigned within 14 days of publication of this notice in the Provincial Gazette.

A W RHEEDER
Town Clerk

Municipal Office
PO Box 1
Fochville
2515
Notice No. 30/25/7/1990

PLAASLIKE BESTUURSKENNISGEWING 2299

STADSRAAD VAN FOCHVILLE

AANNAME VAN VERORDENINGE IN-SAKE PLAKKATE

Kennis geskied hierby ingevolge artikel 96 van die Ordonnansie op Plaaslike Bestuur, 1939, dat die Stadsraad van Fochville van voorneme is om Verordeninge insake Plakkate te aanvaar.

Die algemene strekking van die voorgestelde aanname is om die oprigting en verspreiding van plakkate en baniere te reël en te beheer.

Afskrifte van die voorgestelde verordeninge lê gedurende kantoorure ter insae by die kantoor van die Stadsekretaris, Munisipale Kantoor, Fochville, vir 'n tydperk van 14 dae vanaf die datum van die publikasie hiervan.

Enige persoon wat beswaar teen die verordeninge wil maak, moet dit skriftelik binne 14 dae

na die datum van publikasie van hierdie kennisgewing in die Provinsiale Koerant by die ondergetekende doen.

A W RHEEDER
Stadsklerk

Munisipale Kantoor
Posbus 1
Fochville
2515
Kennisgewing No. 30/25/7/1990

25

LOCAL AUTHORITY NOTICE 2300

GRASKOP TOWN COUNCIL

NOTICE

PERMANENT CLOSING OF A PORTION OF HUGENOTE STREET, GRASKOP

Notice is hereby given in terms of section 67 of the Local Government Ordinance 17 of 1939, that the Graskop Town Council intends to close a portion of Hugenate Street, Graskop.

A plan indicating the locality of the portion of the street to be closed may be inspected, during office hours at the office of the Town Clerk, Municipal Offices, Louis Trichard Avenue, Graskop.

Any person who wishes to object to the proposed closing or wishes to make recommendations in this regard, must do so in writing to the Town Clerk, PO Box 18, Graskop, 1270 to reach him on or before 14 September 1990.

C C KÜHN
Town Clerk

Municipal Offices
PO Box 18
Graskop
1270
13 July 1990
Notice No 14/1990

PLAASLIKE BESTUURSKENNISGEWING 2300

DORPSRAAD VAN GRASKOP

KENNISGEWING

PERMANENTE SLUITING VAN GEDEELTE VAN HUGENOTESTRAAT, GRASKOP

Kennis geskied hiermee ingevolge Artikel 67 van die Ordonnansie op Plaaslike Bestuur 17 van 1939, dat die Dorpsraad van Graskop van voorneme is om 'n gedeelte van Hugenatestraat, Graskop permanent te sluit.

'n Plan wat die ligging van die gedeelte van die straat wat gesluit staan te word aantoon, lê by die Stadsklerk, Munisipale Kantore, Louis Trichardklaan, Graskop gedurende kantoorure ter insae.

Enige persoon wat hierteen beswaar wil aanteken of vertoë wil rig moet sodanige beswaar of vertoë aan die Stadsklerk, Posbus 18, Graskop 1270 rig om hom te bereik voor of op 14 September 1990.

C C KÜHN
Stadsklerk

Munisipale Kantore
Posbus 18
Graskop
13 Julie 1990
Kennisgewing No 14/1990

25

LOCAL AUTHORITY NOTICE 2301

TOWN COUNCIL OF GROBLERSDAL

ASSESSMENT RATES 1990/91

Notice is hereby given in terms of section 21 of

the Local Authorities Rating Ordinance 11 of 1977, as amended that the following assessment rates are levied on the site value of all rateable properties within the municipal area of Groblersdal for the financial year 1 July 1990 to 30 June 1991 as appearing on the Valuation Roll.

(i) A general rate of three cents (3 cents) in the Rand on the site value of land or a right in land;

(ii) subject to the approval of the Administrator in terms of section 21(3) a further rate of 4,75c in the Rand on the site value of land or a right in the land;

(iii) in terms of section 21(4) a rebate of thirty percent (30%) is granted on the rates imposed on all properties zoned for "Special Residential" and "General Residential" provided that these stands are used for special residential purposes.

The rates imposed as set out above shall become due and payable monthly.

If the rates hereby imposed are not paid on the due dates, penalty interest per annum will be charged at a rate published from time to time by the Administrator in terms of section 27(7).

Ratepayers who do not receive accounts in respect of the assessment rates referred to above, are requested to communicate with the Town Treasurer as the non-receipt of accounts shall not exempt any person from liability for payment of such rates.

P C F VAN ANTWERPEN
Town Clerk

Municipal Offices
PO Box 48
Groblersdal
0470
25 July 1990
Notice No 18/1990

PLAASLIKE BESTUURSKENNISGEWING 2301

STADSRAAD VAN GROBLERSDAL

EIENDOMSBELASTING 1990/91

Kennis word hierby gegee, ingevolge die bepalings van artikel 21 van die Ordonnansie op Eiendomsbelasting van Plaaslike Bestuur, 11 van 1977, soos gewysig dat die volgende eiendomsbelasting gehêf word op die terreinwaarde van alle belasbare eiendom geleë binne die munisipale gebied van Groblersdal vir die boekjaar 1 Julie 1990 tot 30 Junie 1991 soos op die Waarderingslys aangetoon.

(i) 'n Algemene eiendomsbelasting van drie (3) sent in die Rand op die terreinwaarde van grond of 'n reg in grond;

(ii) onderhewig aan die goedkeuring van die Administrateur ingevolge artikel 21(3), 'n verdere belasting van 4,75c in die Rand op die terreinwaarde van grond of 'n reg in grond;

(iii) ingevolge artikel 21(4) word 'n rabat van dertig persent (30%) toegestaan op die belasting gehêf op alle eiendom gesoneer vir "Spesiale Woon" en "Algemene Woon" indien laasgenoemde erwe benut word vir spesiale woondoel-eindes.

Die belasting soos hierbo gehêf, is maandeliks verskuldig en betaalbaar.

Indien die belasting hierby gehêf nie op die betaaldatums betaal word nie, word 'n boeterente per jaar gehêf soos van tyd tot tyd deur die Administrateur ingevolge die bepalings van artikel 27(7) bepaal.

Belastingbetalers wat nie rekenings ten opsigte van die belasting hierbo genoem ontvang nie word versoek om met die Stadstoesourier in verbinding te tree aangesien die nie-ontvangs van 'n rekening niemand van die aanspreklike-

heid vir die betaling van sodanige belasting ont-hef nie.

P C F VAN ANTWERPEN
Stadsklerk

Munisipale kantore
Posbus 48
Groblersdal
0470
25 Julie 1990
Kennissgewing No 18/1990

25

LOCAL AUTHORITY NOTICE 2302
TOWN COUNCIL OF GROBLERSDAL
AMENDMENT TO BY-LAWS

Notice is hereby given in terms of section 80B(3) of the Local Government Ordinance 1939 as amended, that the council has by Special Resolution resolved to amend the following by-laws:-

1. Cemetary By-laws
2. Standard Water Supply By-laws
3. Electricity Tariff
4. Refuse (Solid wastes) and Sanitary By-laws
5. Standard Drainage By-laws

The general purport of the amendments is to increase the tariffs with effect as from 1 July 1990.

Copies of the proposed amendments will be open for inspection at the office of the Town Secretary, Civic Centre for a period of 14 days from the date of publication of this notice.

Any person who desires to object to the proposed amendments must do so in writing with the undersigned on or before 9 August 1990.

P C F VAN ANTWERPEN
Town Clerk

Municipal Offices
Private Bag X668
Groblersdal
0470
25 July 1990
Notice No 19/1990

PLAASLIKE BESTUURSKENNISGEWING
2302

STADSRAAD VAN GROBLERSDAL
WYSIGING VAN VERORDENINGE

Kennis geskied hiermee ingevolge artikel 80B(3) van die Ordonnansie op Plaaslike Bestuur, 1939, soos gewysig bekend gemaak dat die Stadsraad by Spesiale Besluit, besluit het om die volgende verordeninge te wysig:

1. Begraafplaasverordeninge
2. Standaard Watervoorsieningsverordeninge
3. Elektrisiteitstarief
4. Verordeninge betreffende Vaste Afval en Saniteit
5. Standaard Rioleringsverordeninge

Die algemene strekking van die wysigings is om die tariewe te verhoog met ingang vanaf 1 Julie 1990.

Afskrifte van die voorgestelde wysigings lê ter insae in die kantoor van die Stadsekretaris, Burgersentrum vir 'n tydperk van 14 dae vanaf datum van publikasie van hierdie kennisgewing.

Enigiemand wat beswaar wil maak teen die voorgestelde verhoging, moet dit skriftelik by die ondergetekende indien voor of op 9 Augustus 1990.

P C F VAN ANTWERPEN
Stadsklerk

Munisipale Kantore
Privaatsak X668
Groblersdal
0470
25 Julie 1990
Kennissgewing No 19/1990

25

LOCAL AUTHORITY NOTICE 2303

TOWN COUNCIL OF GROBLERSDAL

AMENDMENT TO BY-LAWS

Notice is hereby given in terms of section 96 of the Local Government Ordinance, 1939, as amended that the Council intends to amend the Swimming Bath By-laws and the Caravan Park By-laws in order to make provision to levy the charges in terms of section 80B of the mentioned Ordinance.

Notice is hereby further given in terms of section 80B(3) of the mentioned Ordinance that the Council has by Special Resolution resolved to increase the swimming bath and the caravan park tariffs.

Copies of the proposed amendments will be open for inspection at the office of the Town Secretary, Civic Centre, for a period of 14 days from the date of publication of this notice.

Any person who desires to object to the proposed amendments must do so in writing with the undersigned on or before 9 August 1990.

P.C.F. VAN ANTWERPEN
Town Clerk

Municipal Offices
Private Bag X668
Groblersdal
0470
25 July 1990
Notice No. 20/1990

PLAASLIKE BESTUURSKENNISGEWING
2303

STADSRAAD VAN GROBLERSDAL
WYSIGING VAN VERORDENINGE

Kennis geskied hiermee ingevolge die bepalinge van artikel 96 van Ordonnansie, 17 van 1939, soos gewysig, dat die Raad van voorneme is om die Swembadverordeninge en die Woonweparkverordeninge te wysig om voorsiening te maak om die gelde ingevolge artikel 80B van genoemde Ordonnansie vas te stel.

Kennis geskied verder hiermee ingevolge artikel 80B(3) van bovermelde Ordonnansie dat die Raad by Spesiale Besluit, besluit het om die woonwatariewe en die swembadtariewe te verhoog met ingang 1 Julie 1990.

Afskrifte van die voorgestelde wysigings lê ter insae in die kantoor van die Stadsekretaris, Burgersentrum vir 'n tydperk van 14 dae vanaf datum van publikasie van hierdie kennisgewing.

Enigiemand wat beswaar wil maak teen die voorgestelde verhoging, moet dit skriftelik by die ondergetekende indien voor of op 9 Augustus 1990.

P.C.F. VAN ANTWERPEN
Stadsklerk

Munisipale Kantore
Privaatsak X668
Groblersdal
0470
25 Julie 1990
Kennissgewing No. 20/1990

25

LOCAL AUTHORITY NOTICE 2304

TOWN COUNCIL OF GROBLERSDAL

AMENDMENT TO BY-LAWS

Notice is hereby given in terms of section 96(a) of Ordinance 17 of 1939, that the Council intends to amend the tariff payable for projections from buildings, signs etc as contemplated in the Standard Building By-laws.

The general purport of the proposed amendments is to delete the tariff payable as mentioned above.

Any person who desires to lodge his objection to the proposed amendment of the tariff must do so in writing with the undersigned on or before the 9th August 1990.

P.C.F. VAN ANTWERPEN
Town Clerk

Private Bag X668
Groblersdal
0470
25 July 1990
Notice No. 16/1990

PLAASLIKE BESTUURSKENNISGEWING
2304

STADSRAAD VAN GROBLERSDAL
WYSIGING VAN VERORDENINGE

Kennis geskied hiermee ingevolge die bepalinge van artikel 96(a) van Ordonnansie 17 van 1939, dat die Raad besluit het om die tariewe vir uitstekte van geboue, tekens ensovoorts wat gehief word ingevolge die Standaard Bouverordeninge te wysig.

Die algemene strekking van die wysiging van verordeninge is om die tariewe waarna hierbo verwys word te skrap.

Besware teen die voorgename wysiging moet skriftelik by die ondergetekende ingedien word voor of op 9 Augustus 1990.

P.C.F. VAN ANTWERPEN
Stadsklerk

Privaatsak X668
Groblersdal
0470
25 Julie 1990
Kennissgewing No. 16/1990

25

LOCAL AUTHORITY NOTICE 2305

LOCAL AUTHORITY OF HARTBEEFSFONTEIN

NOTICE OF FIRST SITTING OF VALUATION BOARD TO HEAR OBJECTIONS IN RESPECT OF PROVISIONAL VALUATION ROLL FOR THE FINANCIAL YEARS 1990/1994

(Regulation 9)

Notice is hereby given in terms of section 15(3)(b) of the Local Authorities Rating Ordinance, 1977 (Ordinance 11 of 1977), that the first sitting of the valuation board will take place on 8 August 1990 at 10:30 and will be held at the following address:

Council Chamber
Municipal Offices
Voortrekker Road
Hartbeesfontein

to consider any objections to the provisional valuation roll for the financial years 1990/1994.

O J S OLIVIER
Secretary, Valuation Board

Municipal Offices
Hartbeesfontein
25 July 1990
Notice No. 14/1990

PLAASLIKE BESTUURSKENNISGEWING
2305

**PLAASLIKE BESTUUR VAN HARTBEES-
FONTEIN**

**KENNISGEWING VAN EERSTE SITTING
VAN WAARDERINGSRAAD OM BE-
SWARE TEN OPSIGTE VAN VOORLO-
PIGE WAARDERINGSGLYS VIR DIE
BOEKJAAR 1990/1994, AAN TE HOOR**

(Regulasie 9)

Kennis word hierby ingevolge artikel 15(3)(b) van die Ordonnansie op Eiendomsbelasting van Plaaslike besture, 1977 (Ordonnansie 11 van 1977) gegee dat die eerste sitting van die waarderingsraad op 8 Augustus 1990 om 10:30 sal plaasvind en gehou sal word by die volgende adres:

Raadsaal
Munisipale Kantore
Voortrekkerweg
Hartbeesfontein

om enige beswaar tot die voorlopige waarde-
ringsgelys vir die boekjare 1990/1994 te oorweeg.

O J S OLIVIER
Sekretaris, Waarderingsraad

Munisipale Kantore
Hartbeesfontein
25 Julie 1990
Kennisgewing No. 14/1990

25

LOCAL AUTHORITY NOTICE 2306

The Town Council of Hartbeespoort hereby gives notice in terms of section 6(8)(a) of the Division of Land Ordinance, 1986 (Ordinance 20 of 1986), that an application to divide the land described hereunder has been received.

Further particulars of the application are open for inspection at the office of the Town Secretary, Municipal Offices, Marais Street, Schoemansville.

Any person who wishes to object to the granting of the application or who wishes to make representations in regard thereto shall submit his objections or representations in writing and duplicate to the Town Clerk at the above address or at PO Box 976, Hartbeespoort 0216, at any time within a period of 28 days from the date of the first publication of this notice.

Date of first publication: 25 July 1990.

Description of land: Portion 126 of the farm Rietfontein 485 JQ.

Land is divided in two portions, namely:

Portion A: 2,5 ha

Remainder: 6,0653 ha

P G PRETORIUS
Town Clerk

Municipal Offices
PO Box 976
Hartbeespoort
0216
Notice No. 14/1990

PLAASLIKE BESTUURSKENNISGEWING
2306

Die Stadsraad van Hartbeespoort gee hiermee ingevolge artikel 6(8)(a) van die Ordonnansie op die Verdeling van Grond, 1986 (Ordonnansie 20 van 1986), kennis dat 'n aansoek ontvang is om die grond hieronder beskryf, te verdeel.

Verdere besonderhede van die aansoek lê ter insae by die kantoor van die Stadsekretaris, Munisipale Kantore, Maraisstraat, Schoemansville.

Enige persoon wat teen die toestaan van die aansoek beswaar wil maak of vertoë in verband daarmee wil rig, moet sy besware of vertoë skriftelik en in tweevoud by die Stadsklerk by bogenoemde adres of by Posbus 976, Hartbeespoort 0216, te enige tyd binne 'n tydperk van 28 dae vanaf die datum van eerste publikasie van hierdie kennisgewing, indien.

Datum van eerste publikasie: 25 Julie 1990.

Beskrywing van grond: Gedeelte 126 van die plaas Rietfontein 485 JQ. Word verdeel in twee gedeeltes, te wete:

Gedeelte A: 2,5 ha

Restant: 6,0653 ha

P G PRETORIUS
Stadsklerk

Munisipale Kantore
Posbus 976
Hartbeespoort
0216
Kennisgewing No. 14/1990

25-1

LOCAL AUTHORITY NOTICE 2307

**TOWN COUNCIL OF HARTBEEPOORT
AMENDMENT OF DETERMINATION OF
CHARGES FOR MISCELLANEOUS SER-
VICES**

Notice is hereby given in terms of the provisions of section 80B of the Local Government Ordinance, 1939, that the Town Council of Hartbeespoort has by Special Resolution amended the determination of charges for miscellaneous services with effect from 1 April 1990 as follows.

By the addition of the following as item 16 after item 15 in the Schedule of Tariffs:

"For one copy of the Council's official name and address list: R100,00"

P G PRETORIUS
Town Clerk

Municipal Offices
Marais Street
Schoemansville
Hartbeespoort
0216
Notice No 17/1990

PLAASLIKE BESTUURSKENNISGEWING
2307

**STADSRAAD VAN HARTBEEPOORT
WYSIGING VAN VASSTELLING VAN
GELDE VIR DIVERSE DIENSTE**

Kennis geskied hiermee ingevolge die bepa-

lings van artikel 80B van die Ordonnansie op Plaaslike Bestuur, 1939, dat die Stadsraad van Hartbeespoort by Spesiale Besluit die vasstelling van gelde vir diverse dienste met ingang vanaf 1 April 1990 soos volg gewysig het:

Deur na item 15 die volgende as item 16 by te voeg in die Bylae van Gelde:

"Vir een eksemplaar van die Raad se amptelike naam en adreslys: R100,00."

P G PRETORIUS
Stadsklerk

Munisipale Kantore
Maraisstraat
Schoemansville
Posbus 976
Hartbeespoort
0216
Kennisgewing No 17/1990

25

LOCAL AUTHORITY NOTICE 2308

**TOWN COUNCIL OF HEIDELBERG
TRANSVAAL**

**NOTICE OF GENERAL RATE AND FIXED
DAY FOR PAYMENT IN RESPECT OF FI-
NANCIAL YEAR 1 JULY 1990 AND 30
JUNE 1991**

Notice is hereby given in terms of section 26(2)(a) of the Local Authorities Rating Ordinance, 1977 (Ordinance 11 of 1977), that the following general rate has been levied in respect of the abovementioned financial year on rateable property recorded in the valuation roll.

On the site value of any land or right in land a rate of 8c in the Rand less a rebate of 30 % in respect of improved properties zoned as "Special Residential" or, in the opinion of the Town Engineer, is utilized for the aforesaid purpose excluding properties owned by the State or State controlled body and that no rebate will be granted in respect of unimproved properties zoned on "Special Residential".

In terms of section 32(1)(b) of the said Ordinance the following rebates are granted to male persons over the age of 63 years subject to certain conditions:

1. Persons whose income does not exceed the amount of R500,00 per month: 40 %
2. Persons whose income does not exceed the amount of R650,00 per month: 35 %
3. Persons whose income does not exceed the amount of R750,00 per month: 30 %
4. Persons whose income does not exceed the amount of R850,00 per month: 20 %

The amount for rates as contemplated in section 27 of the said Ordinance is payable in terms of section 26(1)(b) in twelve equal monthly payments with the first date of payment being 15 August 1990 and thereafter the 15th of each ensuing month.

Interest of 15 % per annum is chargeable on all amounts in arrear after the fixed day and defaulters are liable to legal proceedings for recovery of such arrear amounts.

G.F. SCHOLTZ
Town Clerk

Municipal Offices
PO Box 201
Heidelberg
2400
4 July 1990
Notice No. 33/1990

/rv
5-13-1-2.A

PLAASLIKE BESTUURSKENNISGEWING
2308

STADSRAAD VAN HEIDELBERG TRANSVAAL

KENNISGEWING VAN ALGEMENE EIENDOMSBELASTING EN VASGESTELDE DAG VIR BETALING TEN OPSIGTE VAN DIE BOEKJAAR 1 JULIE 1990 TOT 30 JUNIE 1991

Kennis word hierby gegee dat ingevolge artikel 26(2)(a) van die Ordonnansie op Eien-domsbelasting van Plaaslike besture, 1977 (Ordonnansie 11 van 1977), die volgende algemene eiendomsbelasting ten opsigte van die bogenoemde boekjaar gehê is op belastbare eiendom in die waarderingslys opgeteken.

Op die terreinwaarde van alle grond of op die terreinwaarde van 'n reg in grond 'n belasting van 8c in die Rand min 'n korting van 30 % ten opsigte van verbeterde eiendomme wat gesoneer is as "Spesiale Woon" of wat na die mening van die Stadsingenieur vir voormelde doel gebruik word, uitsluitende eiendomme wat aan die staat of staatsbeheerde instansies behoort en dat geen korting ten opsigte van onverbeterde eiendomme wat gesoneer is as "Spesiale Woon" toegestaan word nie:

Ingevolge artikel 32(1)(b) van die genoemde Ordonnansie word die volgende kortings op die algemene terreinwaarde van grond of enige reg in grond toegestaan ten opsigte van manspersone ouer as 63 jaar en dames ouer as 60 jaar onderhewig aan sekere voorwaardes:

1. 'n Persoon wie se inkomste nie die bedrag van R500,00 per maand oorskry nie: 40 %
2. 'n Persoon wie se inkomste nie die bedrag van R650,00 per maand oorskry nie: 35 %
3. 'n Persoon wie se inkomste nie die bedrag van R750,00 per maand oorskry nie: 30 %
4. 'n Persoon wie se inkomste nie die bedrag van R850,00 per maand oorskry nie: 20 %

Die bedrag verskuldig vir eiendomsbelasting, soos in artikel 27 van die genoemde Ordonnansie beoog, is in terme van artikel 26(1)(b) Supra, in twaalf gelyke maandelikse paaimente betaalbaar met die eerste belastingdatum 15 Augustus 1990 daarna die 15de dag van elke daaropvolgende maand.

Rente teen 15 % per jaar is op alle agterstallige bedrae na die vasgestelde dag hefbaar in terme van artikel 27(2) Supra en wanbetalers is onderhewig aan 'n regsproses vir die invordering van sodanige agterstallige bedrae.

G.F. SCHOLTZ
Stadsklerk

Munisipale Kantore
Posbus 201
Heidelberg
2400
4 Julie 1990
Kennisgewing No. 33/1990

25

LOCAL AUTHORITY NOTICE 2309

TOWN COUNCIL OF HEIDELBERG, TRANSVAAL

DETERMINATION OF CHARGES

Notice is hereby given in terms of section 80B(3) of the Local Government Ordinance, 1939, that the Council has by Special Resolution increased the charges for the following services with effect from 1 July 1990:

1. Supply of Electricity

2. Sewerage

Copies of the amendments and resolutions are open to inspection at the office of the Town Secretary, Town House, Heidelberg during office hours for a period of 14 days from the date of publication hereof in the Provincial Gazette.

Any person who desires to record his objection to the said amendment shall do so in writing to the undermentioned within 14 days after the date of publication of this notice in the Provincial Gazette.

G.F. SCHOLTZ
Town Clerk

Municipal Offices
PO Box 201
Heidelberg
2400
5 July 1990
Notice No. 34/1990

/rv

PLAASLIKE BESTUURSKENNISGEWING
2309

STADSRAAD VAN HEIDELBERG, TRANSVAAL

VASSTELLING VAN GELDE

Dit word hierby ingevolge die bepalings van artikel 80B(3) van die Ordonnansie op Plaaslike Bestuur, 1939, kennis gegee dat die Raad by Spesiale Besluit die tariewe vir die voorsiening van die volgende dienste vanaf 1 Julie 1990 verhoog het:

1. Elektrisiteit
2. Riool

'n Afskrif van die wysigings en besluite lê ter insae by die kantoor van die Stadsekretaris, Stadhuis, Heidelberg gedurende kantoorure vir 'n tydperk van 14 dae vanaf publikasie van hierdie kennisgewing in die Provinsiale Koerant.

Enige persoon wat beswaar teen genoemde wysigings wens aan te teken moet dit skriftelik binne 14 dae van die datum van publikasie van hierdie kennisgewing in die Provinsiale Koerant by die ondergetekende doen.

G.F. SCHOLTZ
Stadsklerk

Munisipale Kantore
Posbus 201
Heidelberg, Transvaal
2400
5 Julie 1990
Kennisgewing No. 34/1990

25

LOCAL AUTHORITY NOTICE 2310

NOTICE OF APPROVAL

JOHANNESBURG AMENDMENT
SCHEME 2293

It is hereby notified in terms of Section 57(1)(a) of the Town-planning and Townships Ordinance, 1986, that the City Council of Johannesburg has approved the amendment of the Johannesburg Town-planning Scheme, 1979 by the rezoning of Erf 1055 Fairland to Residential 1, one dwelling-house per 1 500 m².

Map 3 and the Scheme Clauses of the Amendment Scheme are filed with the Head of the Department, Department of Local Government, Housing and Works, Pretoria, and the Director: Planning, Johannesburg, Seventh Floor, Civic Centre, Braamfontein, and are open for inspection at all reasonable times.

This amendment is known as Johannesburg Amendment Scheme 2293.

HHS VENTER
Town Clerk

PLAASLIKE BESTUURSKENNISGEWING
2310

KENNISGEWING VAN GOEDKEURING

JOHANNESBURGSE WYSIGINGSKEMA
2293

Daar word hiermee ingevolge artikel 57(1)(a) van die Ordonnansie op Dorpsbeplanning en Dorpe, 1986 kennis gegee dat die Stadsraad van Johannesburg die wysiging van die Johannesburgse Dorpsbeplanningskema, 1979, goedgekeur het deur Erf 1055 Fairland te hersoneer na Residensieel 1, een woonhuis per 1 500 m².

Kaart 3 en die Skemaklousules van die Wysigingskema word op lêer gehou by die Departementshoof, Departement van Plaaslike Bestuur, Behuising en Werke, Pretoria, en by die Direkteur: Beplanning, Johannesburg, Sewende Verdieping, Burgersentrum, Braamfontein, en is te alle redelike tye ter insae beskikbaar.

Hierdie wysiging staan bekend as Johannesburgse Wysigingskema 2293.

HHS VENTER
Stadsklerk

25

LOCAL AUTHORITY NOTICE 2311

NOTICE OF APPROVAL

JOHANNESBURG AMENDMENT
SCHEME 2384

It is hereby notified in terms of Section 57(1)(a) of the Town-planning and Townships Ordinance, 1986, that the City Council of Johannesburg has approved the amendment of the Johannesburg Town-planning Scheme, 1979 by the rezoning of Portion 43 of Erf 726 Craighall Park to Residential 1 — one dwelling-house per 1 000 m².

Map 3 and the Scheme Clauses of the Amendment Scheme are filed with the Head of the Department, Department of Local Government, Housing and Works, Pretoria, and the Director: Planning, Johannesburg, Seventh Floor, Civic Centre, Braamfontein, and are open for inspection at all reasonable times.

This amendment is known as Johannesburg Amendment Scheme 2384.

HHS VENTER
Town Clerk

PLAASLIKE BESTUURSKENNISGEWING
2311

KENNISGEWING VAN GOEDKEURING

JOHANNESBURGSE WYSIGINGSKEMA
2384

Daar word hiermee ingevolge artikel 57(1)(a) van die Ordonnansie op Dorpsbeplanning en

Dorpe, 1986 kennis gegee dat die Stadsraad van Johannesburg die wysiging van die Johannesburgse Dorpsbeplanningskema, 1979, goedgekeur het deur Gedeelte 43 van Erf 726 Craighall Park, te hersoneer na Residensieel 1, een woonhuis per 1 000 m².

Kaart 3 en die Skemaklousules van die Wysigingskema word op lêer gehou by die Departementshoof, Departement van Plaaslike Bestuur, Behuising en Werke, Pretoria, en by die Direkteur: Beplanning, Johannesburg, Sewende Verdieping, Burgersentrum, Braamfontein, en is te alle redelike tye ter insae beskikbaar.

Hierdie wysiging staan bekend as Johannesburgse Wysigingskema 2384.

H H S VENTER
Stadsklerk

25

LOCAL AUTHORITY NOTICE 2312

NOTICE OF APPROVAL

JOHANNESBURG AMENDMENT
SCHEME 2630

It is hereby notified in terms of Section 57(1)(a) of the Town-planning and Townships Ordinance, 1986, that the City Council of Johannesburg has approved the amendment of the Johannesburg Town-planning Scheme, 1979 by the rezoning of Erf 3 Southgate to Special — subject to conditions.

Map 3 and the Scheme Clauses of the Amendment Scheme are filed with the Head of the Department, Department of Local Government, Housing and Works, Pretoria, and the Director: Planning, Johannesburg, Seventh Floor, Civic Centre, Braamfontein, and are open for inspection at all reasonable times.

This amendment is known as Johannesburg Amendment Scheme 2630.

H H S VENTER
Town Clerk

PLAASLIKE BESTUURSKENNISGEWING
2312

KENNISGEWING VAN GOEDKEURING

JOHANNESBURGSE WYSIGINGSKEMA
2630

Daar word hiermee ingevolge artikel 57(1)(a) van die Ordonnansie op Dorpsbeplanning en Dorpe, 1986 kennis gegee dat die Stadsraad van Johannesburg die wysiging van die Johannesburgse Dorpsbeplanningskema, 1979, goedgekeur het deur Erf 3 Southgate te hersoneer na Spesiaal — onderworpe aan voorwaardes.

Kaart 3 en die Skemaklousules van die Wysigingskema word op lêer gehou by die Departementshoof, Departement van Plaaslike Bestuur, Behuising en Werke, Pretoria, en by die Direkteur: Beplanning, Johannesburg, Sewende Verdieping, Burgersentrum, Braamfontein, en is te alle redelike tye ter insae beskikbaar.

Hierdie wysiging staan bekend as Johannesburgse Wysigingskema 2630.

H H S VENTER
Stadsklerk

25

LOCAL AUTHORITY NOTICE 2313

NOTICE OF APPROVAL

JOHANNESBURG AMENDMENT
SCHEME 2003

It is hereby notified in terms of Section 57(1)(a) of the Town-planning and Townships Ordinance, 1986, that the City Council of Johannesburg has approved the amendment of the Johannesburg Town-planning Scheme, 1979 by the rezoning of Erf 848 Kew from Existing Public Road to Parking.

Map 3 and the Scheme Clauses of the Amendment Scheme are filed with the Head of the Department, Department of Local Government, Housing and Works, Pretoria, and the Director: Planning, Johannesburg, Seventh Floor, Civic Centre, Braamfontein, and are open for inspection at all reasonable times.

This amendment is known as Johannesburg Amendment Scheme 2003.

H H S VENTER
Town Clerk

PLAASLIKE BESTUURSKENNISGEWING
2313

KENNISGEWING VAN GOEDKEURING

JOHANNESBURGSE WYSIGINGSKEMA
2003

Daar word hiermee ingevolge artikel 57(1)(a) van die Ordonnansie op Dorpsbeplanning en Dorpe, 1986 kennis gegee dat die Stadsraad van Johannesburg die wysiging van die Johannesburgse Dorpsbeplanningskema, 1979, goedgekeur het deur Erf 848 Kew te hersoneer van Bestaande Openbare Pad na Parkering.

Kaart 3 en die Skemaklousules van die Wysigingskema word op lêer gehou by die Departementshoof, Departement van Plaaslike Bestuur, Behuising en Werke, Pretoria, en by die Direkteur: Beplanning, Johannesburg, Sewende Verdieping, Burgersentrum, Braamfontein, en is te alle redelike tye ter insae beskikbaar.

Hierdie wysiging staan bekend as Johannesburgse Wysigingskema 2003.

H H S VENTER
Stadsklerk

25

LOCAL AUTHORITY NOTICE 2314

NOTICE OF APPROVAL

JOHANNESBURG AMENDMENT
SCHEME 2685

It is hereby notified in terms of Section 57(1)(a) of the Town-planning and Townships Ordinance, 1986, that the City Council of Johannesburg has approved the amendment of the Johannesburg Town-planning Scheme, 1979 by the rezoning of Erf 1253 Turffontein to Residential 4 plus offices as a primary right — subject to certain conditions.

Map 3 and the Scheme Clauses of the Amendment Scheme are filed with the Head of the Department, Department of Local Government, Housing and Works, Pretoria, and the Director: Planning, Johannesburg, Seventh Floor, Civic Centre, Braamfontein, and are open for inspection at all reasonable times.

This amendment is known as Johannesburg Amendment Scheme 2685.

H H S VENTER
Town Clerk

PLAASLIKE BESTUURSKENNISGEWING
2314

KENNISGEWING VAN GOEDKEURING

JOHANNESBURGSE WYSIGINGSKEMA
2685

Daar word hiermee ingevolge artikel 57(1)(a) van die Ordonnansie op Dorpsbeplanning en Dorpe, 1986 kennis gegee dat die Stadsraad van Johannesburg die wysiging van die Johannesburgse Dorpsbeplanningskema, 1979, goedgekeur het deur Erf 1253 Turffontein te hersoneer na Residensieel 4 plus kantore as 'n primêre reg — onderworpe aan sekere voorwaardes.

Kaart 3 en die Skemaklousules van die Wysigingskema word op lêer gehou by die Departementshoof, Departement van Plaaslike Bestuur, Behuising en Werke, Pretoria, en by die Direkteur: Beplanning, Johannesburg, Sewende Verdieping, Burgersentrum, Braamfontein, en is te alle redelike tye ter insae beskikbaar.

Hierdie wysiging staan bekend as Johannesburgse Wysigingskema 2685.

H H S VENTER
Stadsklerk

25

LOCAL AUTHORITY NOTICE 2315

NOTICE OF APPROVAL

JOHANNESBURG AMENDMENT
SCHEME 2284

It is hereby notified in terms of Section 59(15) of the Town-planning and Townships Ordinance, 1986, that the amendment of the Johannesburg Town-planning Scheme, 1979, by the rezoning of the Remaining Extent of Erf 7 Waverley to Residential 1, plus offices as a primary right excluding medical and dental consulting rooms — subject to conditions.

Map 3 and the Scheme Clauses of the Amendment Scheme are filed with the Head of the Department, Department of Local Government, Housing and Works, Pretoria, and the Director: Planning, Johannesburg, Seventh Floor, Civic Centre, Braamfontein, and are open for inspection at all reasonable times.

This amendment is known as Johannesburg Amendment Scheme 2284.

H H S VENTER
Town Clerk

PLAASLIKE BESTUURSKENNISGEWING
2315

KENNISGEWING VAN GOEDKEURING

JOHANNESBURGSE WYSIGINGSKEMA
2284

Daar word hiermee ingevolge artikel 59(15) van die Ordonnansie op Dorpsbeplanning en Dorpe, 1986 kennis gegee dat die wysiging van die Johannesburgse Dorpsbeplanningskema, 1979, goedgekeur is deur die Resterende Ge-

deelte van Erf 7 Waverley te hersoneer na Residensiële 1, met kantore as 'n primêre reg uitsluitende mediese- en tandartsspreekkamers — onderworpe aan voorwaardes.

Kaart 3 en die Skemaklousules van die Wysigingskema word op lêer gehou by die Departementshoof, Departement van Plaaslike Bestuur, Behuising en Werke, Pretoria, en by die Direkteur: Beplanning, Johannesburg, Sewende Verdieping, Burgersentrum, Braamfontein, en is te alle redelike tye ter insae beskikbaar.

Hierdie wysiging staan bekend as Johannesburgse Wysigingskema 2284.

H H S VENTER
Stadsklerk
25

LOCAL AUTHORITY NOTICE 2316

NOTICE OF APPROVAL

JOHANNESBURG AMENDMENT SCHEME 2274

It is hereby notified in terms of Section 59(15) of the Town-planning and Townships Ordinance, 1986, that the amendment of the Johannesburg Town-planning Scheme, 1979, by the rezoning of the Remaining Extent of Erf 463 Westdene to Residential 1, plus offices as a primary right excluding medical and dental suites — subject to conditions.

Map 3 and the Scheme Clauses of the Amendment Scheme are filed with the Head of the Department, Department of Local Government, Housing and Works, Pretoria, and the Director: Planning, Johannesburg, Seventh Floor, Civic Centre, Braamfontein, and are open for inspection at all reasonable times.

This amendment is known as Johannesburg Amendment Scheme 2274.

H H S VENTER
Town Clerk

PLAASLIKE BESTUURSKENNISGEWING 2316

KENNISGEWING VAN GOEDKEURING

JOHANNESBURGSE WYSIGINGSKEMA 2274

Daar word hiermee ingevolge artikel 59(15) van die Ordonnansie op Dorpsbeplanning en Dorpe, 1986 kennis gegee dat die wysiging van die Johannesburgse Dorpsbeplanningskema, 1979, goedgekeur is deur die Resterende Gedeelte van Erf 463 Westdene te hersoneer na Residensiële 1, met kantore as 'n primêre reg uitsluitende mediese en tandartsspreekkamers — onderworpe aan voorwaardes.

Kaart 3 en die Skemaklousules van die Wysigingskema word op lêer gehou by die Departementshoof, Departement van Plaaslike Bestuur, Behuising en Werke, Pretoria, en by die Direkteur: Beplanning, Johannesburg, Sewende Verdieping, Burgersentrum, Braamfontein, en is te alle redelike tye ter insae beskikbaar.

Hierdie wysiging staan bekend as Johannesburgse Wysigingskema 2274.

H H S VENTER
Stadsklerk
25

LOCAL AUTHORITY NOTICE 2317

CITY OF JOHANNESBURG

PROPOSED AMENDMENT TO JOHANNESBURG TOWN-PLANNING SCHEME, 1979 (AMENDMENT SCHEME 2972)

The City Council of Johannesburg hereby gives notice in terms of Section 28(1)(a) read with Section 55 of the Town-planning and Townships Ordinance, 1986 (Ordinance 15 of 1986) that a draft Town-Planning Scheme, to be known as Johannesburg Amendment Scheme 2972 has been prepared by it.

This scheme will be an Amendment Scheme and contains the following proposals:

To rezone Portion 8 of Erf 201 Bruma from part Residential 4 and part Business 4 — subject to conditions to Existing Public Road.

The effect is to regularise the existing situation, namely Existing Public Road.

The draft scheme will lie for inspection during normal office hours at the office of the Town Clerk, c/o Planning Department, Seventh Floor, Room 760, Civic Centre, Braamfontein, Johannesburg, for a period of 28 days from 25 July 1990.

Objections to or representations in respect of the scheme must be lodged with or made in writing to the Town Clerk at the above address or at PO Box 30733, Braamfontein within a period of 28 days from 25 July 1990.

HT VEALE
City Secretary

Civic Centre
Braamfontein
Johannesburg
25 July 1990
(B29/201 (Ptn 8))
4459q
CYN

PLAASLIKE BESTUURSKENNISGEWING 2317

STAD JOHANNESBURG

VOORGESTELDE WYSIGING VAN DIE JOHANNESBURGSE DORPSBEPLANNINGSKEMA, 1979

(WYSIGINGSKEMA 2972)

Kennis geskied hiermee ingevolge artikel 28(1)(a) gelees saam met artikel 55 van die Ordonnansie op Dorpsbeplanning en Dorpe, 1986, (Ordonnansie 15 van 1986), dat die Stadsraad van Johannesburg 'n Ontwerpdorpsbeplanningskema opgestel het was as Johannesburgse Wysigingskema 2972 bekend sal staan.

Hierdie skema is 'n wysigingskema en dit bevat die volgende voorstelle:

